

# WAPENRUSTING – Gordel van die Waarheid

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER 1: Waar of Onwaar

- Die kerk word in 2 areas verdeel vir die ysbreker – een kant is waar en die ander kant onwaar
- 'n klomp vrae word ge lees, en elke kind moet besluit of dit waar of onwaar is – hy/sy beweeg dan na die waar of onwaar kant om hulle antwoord aan te dui.

## 3. PROCESS YSBREKER 1:

- Vanaand gaan ons bietjie gesels oor die Gordel in die Geestelike Wapenrusting – wie van julle kan nog onthou waarvoor die gordel staan? (die waarheid)
- Was die speletjie wat julle nou gespeel het maklik of moeilik?
- Dit was maklik as jy die antwoorde geken het, maar moeilik wanneer jy nie die antwoorde geken het nie, want dan het jy nie geweet wat om te doen nie.
- En so is dit ook met ons geestlike lewe – as ons die waarheid ken, dan is dit maklik, maar die probleem kom in wanneer ons NIE die waarheid ken nie, want dis wanneer die vyand – satan dit regkry om vir ons 'n klomp stories te vertel, en OMDAT ons nie die waarheid ken nie weet ons nie of ons dit moet glo of nie, of wat om daarmee te maak nie.

## 4. YSBREKER 2: Teiken gooi

- Gee vir jou kinders elkeen 'n plastiekglasie en laat hulle 'n piramiede bou.
- Neem dan 'n opgefrommelde A4 papier (sit sommer 'n uitveër in vir 'n bietjie gewig) en gee elkeen 'n beurt om te kyk of hulle die piramiede kan omgooi.
- As almal 'n beurt gehad het, laat een van die kinders dan voor die piramiede staan om te keer dat die ander die teiken tref.

## 5. PROCESS YSBREKER 2:

- Dit was maklik om die teiken raak te gooi / te laat val?
- Maar toe daar iemand voor die teiken gestaan het, het dit moeiliker en selfs onmoontlik geword om die teiken raak te gooi / te laat val?
- Die Gordel in die Wapenrusting, word die Gordel van die Waarheid genoem, en dit beskerm ons, soos die persoon wat voor die piramiede gaan staan het, dit beskerm het.
- In die Bybel se tyd het die gordel/belt heelwat anders gelyk as wat ons 'n belt vandag ken. Dit het sulke leerbandjies aangehad wat die onderste deel van die lyf beskerm het
- Nog iets belangrik rondom die gordel/belt is dat die swaard daarin gestek kon word, en dis vir ons 'n baie belangrike leidraad, want die gordel en die swaard loop saam met mekaar. Kom ons kyk of julle dit self kan uitfigure!

## 6. GORDEL VAN DIE WAARHEID:

**Vrae in die groepe:** (die antwoorde is net daar vir die leiers as 'guideline')

- ***Wat doen 'n gordel of 'n belt?***

Dit hou jou broek bo – rond jou uitrusting af

- **Kan 'n mens die Gordel van die Waarheid êrens koop?**

Nee, dis 'n geestelike iets wat ek moet inoefen

- **Wat is die Waarheid wat hulle hiervan praat?**

Joh 17:17 – “Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid”

Die Bybel word die Waarheid genoem, en as jy die waarheid ken dan beskerm dit jou teen die vyand se leuens, want dan val jy nie so maklik vir sy 'tricks' nie.

Joh 8:32 “en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak. Die waarheid hou jou geestelike lewe ‘aanmekaar’, soos die belt jou broek bo hou.

- **Ek is veronderstel om dit elke dag ‘aan te trek’ – HOE doen ek dit?**

Deur te bid, tyd saam met God deur te bring, jou Bybel gereeld te lees, want dan bly ons harte en gedagtes gefokus op God en SY doel vir ons leuens. Die vyand kan ons dan nie so maklik van die pad af kry nie met sy leuens nie. Onthou as jy die Waarheid ken (God se Woord), is dit makliker om die satan se leuens te herken.

- **Noem 'n paar leuens wat die satan julle gereeld vertel.**

God het jou nie lief nie.

God kan jou nie liefhê nie, want jy doen te veel sonde.

Jesus is nie die enigste manier om by God uit te kom nie

Dit kan nie so maklik wees om hemel toe te gaan as om net vir Jesus aan te neem nie

- **Kyk nou of julle mekaar met die waarheid kan help om die leuens onwaar te maak.**

Hier is vir julle 'n klomp teksverse wat dalk kan help – laat die kinders ook daarna kyk, miskien vind hulle hulle antwoorde hier! Die teksverse is nie uitgetik nie, dis net die kern van die teksverses wat daar staan, en dis net daar om te help, julle kan ander teksverse ook gebruik.

**Belangrike Info:**

Indien die gesprek in hierdie rigting gaan, onthou asb die volgende:

Maak seker dat jou kinders verstaan dat God dinge nie altyd laat uitwerk soos ONS wil nie.

Partykeer laat Hy ook slegte dinge in ons leuens toe, omdat Hy in die toekoms kan sien en ons nie. Slegte dinge maak ons sterk, dit laat ons groei en dit kan ons nader aan God bring – hang af hoe jy dit hanteer.

Ons leer ook belangrike lesse uit moeilike situasies, en partykeer laat God dit toe om te kyk wat in jou hart is teenoor HOM – wat gaan jy maak as hierdie ding nie uitwerk soos jy bid nie, gaan jy God daarvoor blameer, of gaan jy Hom vertou dat HY die beste weet en NIE jy nie!

Partykeer is ons ook in slegte situasies oor keuses wat ONS gemaak het, maar ons blameer God daarvoor en ons verwag van Hom om die gemors wat ONS veroorsaak het uit te sorteer. Mens moet ook uit jou foute leer, want hoe anders gaan jy weet om dit nie weer te doen nie!

Jes 55:11	God sal nie iets sê en dit nie doen nie
Jes 62:6	Herinner God aan Sy beloftes
Heb 13:8	God is altyd dieselfde
Sag 4:6	Nie deur krag of mag nie, maar deur God se Gees
Joh 15:13-14	Jesus noem ons Sy vriende en is so lief vir ons dat Hy sy lewe vir ons afgelê het
Fil 3:14	Vergeet wat agter is en strek jou uit na wat voor is
1 Sam 16:7	Die Here kyk na ons harte
Jak 5:16b	Die gebed van 'n gelowige het krag
Rom 8:26-27	As ons nie weet wat om te bid nie, dan bid die Heilige Gees namens ons
Dan 10:12	Daniel het 21 dae gewag om 'n antwoord by God te kry, want satan se army het God se engel probeer keer om die antwoord vir hom te bring
Jes 1:18	Kom nou en laat ons die saak uit sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol
Joh 14:6	Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie
1 Joh 1:9	As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig
Rom 10:9	As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word
Joh 1:12	Wanneer ons God aanneem is ons SY kinders
Joh 15:16	As ons tot bekering kom moet ons vrug dra – ons lewens moet dit wys
Jes 30:15	Ons krag is in stilwees en vertrou
Rom 8:28	God laat alles ten goede meewerk (Soos HY weet die beste is, omdat Hy God is en Hy in die toekoms kan sien – ons kan nie)
Jerm 29:11-14	God beplan goeie dinge vir ons (Soos HY weet die beste is, omdat Hy God is en Hy in die toekoms kan sien – ons kan nie)
Rom 8:38-39	Niks kan ons van God se liefde skei nie
Ps 27:14	Wag op die Here
Jak 4:8	Nader tot God en Hy sal tot jou nader
Rom 12:21	Oorwin die kwaad deur die goeie
Ps 18:29	Met my God loop ek 'n bende storm, met my God spring ek oor 'n muur
Ps 139:13-18	God het jou aanmekaar gesit – jou gemaak / gevorm
Matt 10:30	Selfs die hare van jou kop is getel
Jes 49:16	Ons name is in God se handpalm gegraveer
Joh 10:28-29	Niemand kan on suit God se hand ruk nie

## 7. SLUIT AF MET GEBED IN DIE GROEPE EN KRY DIE SELFONE